Positief met vrae

Piet Strauss

Die NG Kerk-sinode van die Oranje-Vrystaat is positief oor kerkhereniging, maar het ook vrae. Soos in hulle sinode se besluit van 2005 is lidmate in die Vrystaat positief oor groter eenheid, oftewel oor die *vorming van 'n nuwe kerkverband* in die NG Kerk-familie. Dit beteken egter nie dat daar nie vrae en onrus oor sommige kwessies is nie.

Die jongste gedagte vir 'n model wat die taakspan, saamgestel uit lede van die vier Sinodale Kommissies van die onderskeie kerke, by Achterberg uitgespreek het, naamlik dat daar 'n nuwe Algemene Sinode (binne 'n Algemene Sinodale verband) gevorm word waarby bestaande sinodes inskakel, vind byval by gemeentes. Dit vind ook byval by gemeentes en lidmate van wie dit bekend is dat hulle sterk besware téén kerkeenheid gekoester het.

Die gedagte is dat só 'n struktuur 'n wegspringplek is en net oor sake besluit en handel waartoe die kerke vóóraf ooreengekom het. Gemeentes, ringe en sinodes kan dus bly soos hulle tans is binne hulle huidige verbande.

Omdat die Vrystaatse Sinode ook nie kans sien vir die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag van so 'n nuwe kerkverband nie, vind die mening van die taakspan wat aan die belydenisgrondslag werk, naamlik dat die Belydenis van Belhar nie afdwingbaar of 'n voorwaarde vir die nuwe verband kan wees nie, ook instemming.

Dieselfde kan van die Achterberg-verklaring van die vier Sinodale Kommissies van die NG Kerk-familie van November 2006 gesê word. In hierdie verklaring het die vier kommissies hulle opnuut verbind tot kerkeenheid, maar ook ingetree vir die "rykdom" van 'n aanvaarbare diversiteit wat in hierdie proses op die tafel kom. Hulle het gepraat van verskille in taal, styl en kerklike identiteit. Dit is sake waarvoor daar nie net sensitiwiteit in die NG Kerk van die Vrystaat is nie, maar ook in die RCA en die NGKA.

'n Vraag wat dikwels in gesprekke met gemeentes opduik, is die vraag oor die naam van die beoogde kerkverband. Daar is 'n duidelike begeerte om nie van die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk" afstand te doen nie.

Die vraag na die toekoms van predikante se pensioene word ál minder gevra. Moontlik is dit omdat die antwoord gegee is dat dít wat aan jou uitbetaal word deur hierdie fondse nie sinodaal bepaal word nie, en dat wat jy uiteindelik kry min of meer moet klop met wat deur die jare daar belê is.

Wat duidelik is, is dat daar nog baie gepraat en verduidelik moet word vóórdat die finale voorstel aan kerkrade voorgelê kan word, wat dit weer vir approbasie aan hulle gemeentes sal moet deurgee.

Piet Strauss